

Toespraak: Prolingua 8 Februarie 2017

(Johann Russouw)

Goeie môre.

Onlangs (21/01/2017) het *Netwerk24* se nuusredakteur (Vrystaat en Noord-Kaap), Charles Smith, in *BEELD* se rubriek *Standpunt* geskryf: "*Waar SJ du Toit en sy seun, Totius, sowat 140 jaar gelede in die pragtige huis op Kleinbosch (Wellington) groot drome moes gehad het vir die kombuistaal, sou hulle waarskynlik vandag verwonderd gestaan het oor die taal wat yslik groot en kragtig geword het.*"

As 'n Afrikaanse radio sportkommentator, staan ek vandag voor u bloot as 'n gebruiker van Afrikaans en nie as kenner nie, maar dankbaar en trots daarop dat ons as sportkommentators ook 'n beskeie rol kon speel om hierdie pragtige taal van ons *groot en kragtig* te maak.

Dis vir my 'n groot voorreg om met u te kan gesels oor die beskeie bydrae wat sportuitsaaiers en sportjoernaliste gemaak het tot die uitbreiding en bevordering van Afrikaans. (My fokus is op die bydrae van sportkommentators op radio.)

Sportkommentators op radio se taak is om vir hulle luisteraars 'n "prentjie" van die spel te skets en Afrikaans sou myns insiens beslis armer gewees het as ons nie oorspronklik gedink het en vir die Engelse terminologie, verstaanbare eiesoortige Afrikaanse uitdrukkings en idioome vir ons luisteraars kon vind nie.

Enkele voorbeelde van Engelse sportterminologie wat op 'n unieke manier in Afrikaans uitdrukking gevind het:

GHOLF:	<i>Tee shot</i>	-	Afslaan
	<i>Chip shot</i>	-	Kaphou
	<i>Fairway</i>	-	Skoonveld
	<i>Rough</i>	-	Sukkelveld
	<i>Putting Green</i>	-	Setperk
	<i>Putter</i>	-	Setstok
	<i>Bunker</i>	-	Sandkuil
	<i>Par</i>	-	Baansyfer
	<i>Driver</i>	-	Bofstok/1-hout
	<i>Wedge</i>	-	Wigyster

TENNIS:	<i>Service</i>	-	Afslaan
	<i>Drop shot</i>	-	Valhou
	<i>Smash</i>	-	Mokerhou
	<i>Volley</i>	-	Vlughou
	<i>Lob</i>	-	Lughou
	<i>Slice</i>	-	Snyhou
	<i>Back-spin</i>	-	Trutol
	<i>Love*</i>	-	Stroop
	<i>Straight set(s)</i>	-	Skoon stel(le)
	<i>Deuce**</i>	-	Gelykop (40-elk)

*Verwys na verbuiging van Franse woord *l'oeuf* = eier

**Verwys na Franse woord *deux* (twee), wat beteken dat 'n speler nog 2 punte moet aanteken om die pot te wen.

KRIEKET:	<i>Wicket(s)</i>	-	Paaltjie(s)
	<i>Popping Crease</i>	-	Kolfkampie
	<i>Leg side/Off side</i>	-	Bykant/Wegkant
	<i>Gully</i>	-	Gang
	<i>Cover</i>	-	Dekpunt
	<i>Midwicket</i>	-	Middebaan
	<i>Square Leg</i>	-	Regby
	<i>Short leg</i>	-	Skerpby
	<i>Silly Mid-on</i>	-	Vlakby
	<i>Silly Mid-off</i>	-	Valk
	<i>Mid-off(-on)</i>	-	Halfweg/-by
	<i>Pad (leg)</i>	-	Beenskut
	<i>Duck*</i>	-	Nulletjie

*Verwys na eier van 'n eend wat glo "rond" sou wees.

RUGBY:	<i>Half-backs</i>	-	Skakels
	<i>Scrumhalf</i>	-	Skrumskakel
	<i>Flyhalf</i>	-	Losskakel
	<i>Try</i>	-	Drie
	<i>Upright</i>	-	Doelpale
	<i>Tackle</i>	-	Laagvat
	<i>Crash tackle</i>	-	Plettervat
	<i>Line-out</i>	-	Lynstaan
	<i>Set scrum</i>	-	Vaste skrum
	<i>Drop kick</i>	-	Skepskop
	<i>Grubber (kick)</i>	-	Rolskop
	<i>Bashing</i>	-	Stampkarrugby (Johan Rademan)
	<i>First-aid (staff)</i>	-	Pynpolisie (Gerhard Viviers)

VOETBAL: <i>Pass</i>	-	Aangee
<i>Floater</i>	-	Sweefbal
<i>Defensive Midfielder</i>	-	Midveld-stopper
<i>Wingback</i>	-	Flank-verdediger
<i>Central Midfielder</i>	-	Senter
<i>Striker</i>	-	Doelskut
<i>Assistant Referee</i>	-	Lynregter
<i>Foul</i>	-	? (Oortreding)
<i>Tackle</i>	-	Neerbring
<i>Bicycle Kick</i>	-	Wawielskop
<i>Chip (pass)</i>	-	Boogaangee
<i>Curler (kick)</i>	-	Krulskop (<i>Banana kick</i>)
<i>Cut (inside)</i>	-	Swenkskop (binne- of buite toe)
<i>Penalty shootout</i>	-	Uitklop-doelstryd
<i>Sudden death</i>	-	Valbyl-doelstryd
<i>Stud (boot)</i>	-	Soolknoppie

Ek sluit af deur hulde te bring aan baanbrekers onder die sportkommentators (radio) wat met hulle oorspronklike nuutskeppings daartoe bygedra het dat Afrikaans vandag sy plek volledig op en langs die sportveld kan volstaan en beslis kan saampraat met elke ander taal in die wereld:

Johannes van der Walt (Radio) en Willem van Drimmelin (Televisie) – Gholf
 Dana Niehaus; Steve de Villiers; Retief Uys en Gerhard Viviers (Radio) – Krieket
 Awie Labuschagne; Johan de Bruyn; Gerhard Viviers en Johan Rademan (Radio) – Rugby
 Jan Snyman en Retief Uys (Radio) – Tennis
 Danie Erasmus (Radio) – Rofstoei en Jukskei
 Steve de Villiers en Dana Niehaus (Radio) – Boks

Ek vind dit vreemd dat verskeie verenigings wat hulle voorhou as bewakers en bevorderaars van die Afrikaanse taal (FAK en ATKV) nog nooit (sover my kennis strek) die nodige erkenning gegee het aan mense soos hierdie wat ons pragtige taal verryk het met hulle eiesoortige en toepaslike skeppings wat net in Afrikaans gesê kan word nie. Daar word altyd net gekyk na die mense wat op literêre en kunsgebied 'n bydrae lewer tot die uitbreiding, bevordering en verryking van Afrikaans, maar die sportkommentators en -joernaliste se bydrae word misgekyk. Ek vind dit baie jammer.

Dankie dat u na my geluister het en 'n spesiale dankie aan my Afrikaans-onderwysers op skool: Mej Maggie le Roux (H/S DF Malan, Bellville) en Mnr Leggit Jurgens (H/S Hottentots-Holland, Somerset-Wes).
